



# Fichardtpark Preprimêr

## Fichie Welpies

Tel: 051-5227730  
Faks: 086 575 8564  
E-Pos: [welpies@fichies.co.za](mailto:welpies@fichies.co.za)  
Webwerf: [www.fichies.co.za](http://www.fichies.co.za)

Altonasingel 16  
Fichardtpark  
9301

Posbus 32010  
Fichardtpark  
9317

## ALGEMENE INLIGTING OOR DIE FUNKSIONERING VAN FICHIE WELPIES

### 1. AANSOEKE EN TOELATING

Die volledige toelatingsbeleid is op die webwerf beskikbaar: [www.fichies.co.za](http://www.fichies.co.za)

#### 1.1. Wie kwalifiseer vir Fichie Welpies:

1.1.1 Kleuters word toegelaat in die jaar waarin hulle 3 jaar oud word indien dit in die eerste 3 maande van die jaar is.

1.1.2 Kleuters mag in die skool aanbly tot aan die einde van die jaar waarin hulle vyf jaar oud word.

1.1.3 'n Kleuter moet reeds in staat wees om onafhanklik die toilet te gebruik.

#### 1.2. Die volgende dokumente is nodig voordat die aansoek oorweeg kan word:

1.2.1 'n Afskrif van die kleuter se geboortesertifikaat.

1.2.2 Afskrifte van albei ouers se identiteitsdokumente.

1.2.3 Bewys van adres.

1.2.4 Immuniseringsertifikaat.

1.2.5 Gedragsertifikaat (verskaf deur die skool en ingevul deur versorger.)

1.2.6 Verklaringsvorm (verskaf deur die skool.)

1.3 Aansoeke word ontvang vanaf 1 Februarie tot 31 Maart in die jaar voor skooltoetreding. Geen aansoeke word van een jaar na 'n volgende oorgedra nie.

### 2. AANKOMS EN VERTREK volgens Covid 19 Regulasies

2.1 Kleuters word soggens vergesel deur hul ouers tot by die voorhek. Kleuters word ingeskandeer en groet die ouers. 'n Personeellid sal u kleuter by die hek ontvang en saam instap na hul klassie toe. Die personeellid sal ook die kleuter help om sy tassie in die korrekte kassie te bere asook om hul waterbottel uit te haal en in die regte houder op die speelgrond te plaas. Wanneer die kleuter met 'n personeellid kontak gemaak het, mag die volwassene groet en vertrek. Geen kleuter word op die parkeerarea afgelaai nie.

2.2 Skoolure is van 08:00 tot 12:00. Vir die gerief van werkende ouers sal kleuters vanaf 07:00 ontvang word en moet teen 13:00 gehaal word.

2.3 Siek kleuters mag nie skool toe gestuur word nie. 'n Kleuter wat te siek is om buite te speel, is te siek om skool toe te kom. Indien u kleuter enige Covid 19 verwante simptome toon moet hul ook tuis gehou word.

2.4 Indien 'n kleuter om een of ander rede vroeër by die skool gehaal moet word, moet die onderwyseres vooraf ingelig word.

2.5 Indien enige iemand anders behalwe die ouers die kleuter by die skool kom afhaal, moet die betrokke onderwyseres daarvoor ingelig word. Geen kleuter sal aan 'n vreemdeling gegee word sonder die toestemming en medewete van die ouers nie.

- 2.6 Middagsorg is ook beskikbaar en tree in werking vanaf 13:00 tot 17:00 – met vergunning tot 17:15.  
Sien aparte reëls vir middagsorg.
- 2.7 Ouers mag op 'n ongereelde basis van middagsorg gebruik maak. Die koste hiervoor is R40 per middag.

### **3. GELDE:**

- 3.1 Die skoolgeld vir die daaropvolgende jaar word vasgestel op 'n Begrotingsvergadering in Oktober van elke jaar. Ouers word na hierdie vergadering genooi. Reëls in verband met die betaling van skoolgeld word ook by hierdie vergadering bevestig.
- 3.2. Die ouderdom kleuters wat ons skool bywoon, is nie skoolpligtig nie. Die Beheerliggaam het dus 'n deurlopende besluit geneem dat indien 'n kleuter se skoolgeld nie elke maand ten volle vereffen is nie, sal sodanige kleuter die daaropvolgende maand tot die skool geweier word.
- 3.3 Vir elektroniese betalings, sal daar 'n verwysing vir elke projek deurgegee word. Belingsbewyse moet per e-pos aan die kantoor gestuur word.  
Die Karri toep word ook vir betalings gebruik, u sal in die begin van die jaar op die stelsel gelaai word. Skoolfonds is ongelukkig nie deur die toep betaalbaar nie.
- 3.4 Slegs twee fondsinsamelingsprojekte is deur die Beheerliggaam goedgekeur. Dit is die spelkompetisie in die eerste kwartaal en die kermis in die vierde kwartaal. Die Welpies besluit self wat om in die plek van die spelkompetisie te doen. Die Ouerkomitee word geraadpleeg in hierdie besluit
- 3.5 Geen items wat in die skool benodig word, word deur die ouers aangekoop nie.
- 3.6 Geen kos word deur die skool verskaf nie. (Sien punt nr 13 - Verversings)

### **4. Korrespondensie:**

- 4.1 Weekbriewe word elke week per e-pos aan ouers uitgegee. Dit is elke ouer se verantwoordelikheid om seker te maak dat hulle die weekbrief ontvang. Ons vra dat ouers vir ons 'n e-pos stuur vanaf die e-pos adres waar hulle die briewe wil ontvang. Sodoende kan ons seker maak dat ons die regte e-pos adres op ons sisteem het.
- 4.2 Aan die einde van 'n kwartaal word 'n kwartaalbrief uitgegee. Dit word ook per e-pos gestuur en ouers wat belangstel in die harde kopie, kan dit in gang neem.
- 4.3 Enige korrespondensie vir die kantoor, kan per e-pos of telefonies gedoen word.
- 4.4 Ouers kan boodskappe na die personeel se selfoonnommers stuur indien 'n kleuter afwesig is.
- 4.5 Die kantoor kan enige tyd geskakel word vir algemene navrae.

### **5. KLEREDRAG:**

- 5.1 Lekker gemaklike selfhelpklere is belangrik.
- 5.2 Klere wat moontlik uitgetrek kan word, bv. baadjies en truie, moet asseblief gemerk wees. Merk dit met die kleuter se naam. 'n Rooi kol of kruis skep verwarring wanneer 'n kledingstuk rondlê en die personeel die eienaar moet opspoor.
- 5.3 Gedurende spel word kinders vuil, anders kan hulle nie met volle oorgawe speel nie. Moet dus nie van u kinders verwag om silwerskoon tuis te kom nie. Verkieslik moet hulle klere aantrek waarvoor hulle nie jammer hoef te wees nie.

- 5.4 Juwele, soos bv. krale of kettinkies, asook horlosies is ontoelaatbaar. Kleuters se dag is bederf as dit verloor of breek. Die personeel kan nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.
- 5.5 In die somer is kaalvoetjies verkieslik. Hardsool hoëhakskoentjies vir dogtertjies is 'n euwel. Hulle kan glad nie hulle dag geniet en rondbeweeg of op die apparate speel nie. Die skoene word sommer gou uitgetrek en is 'n groot versoeking vir maats om mee te speel, wat meestal uitloop op 'n groot bakleiery.
- 5.6 Harde plastiese waterstewels beperk die kleuters se bewegings wanneer hulle klim en klouter, daarom vra ons asseblief dat hulle dit nie na die kleuterskool aantrek nie.
- 5.7 Alle kleuters moet asseblief 'n skoon stel klere saambring skool toe in 'n gemerkte plastiese sakkie binne-in hulle tassie. Die klere kan in die bêrekassie by die kleuterskool bly. Ouers moet daarop let om dit te vervang wanneer dit gebruik is.
- 5.8 'n Warm baadjie of truitjie moet ten alle tye in die kleuter se bêrekassie wees. In geval van onverwagse koue is dit noodsaaklik.
- 5.9 Dogtertjies wat rokkies aantrek skool toe, moet asseblief 'n kort broekie onderaan aantrek.
- 5.10 Fantasieklere soos byvoorbeeld Spiderman, of Batman, of feetjeklere, is ontoelaatbaar. Dit verander die kleuter se persoonlikheid, daarom laat ons dit nie toe nie. Klere met prentjies van karakters daarop, word wel aanvaar.

## **6. PROGRAMME:**

- 6.1 Ouers word versoek om nie die kleuterprogram te onderbreek wanneer hulle met die kantoor gereël het om hulle kleuter vroeër te kom haal nie. Meld asseblief by die kantoor aan waar u geholpe sal raak.
- 6.2 Die program eindig om 12:00. Elke groep se program eindig met storietyd. Ouers wag dus asseblief buite die hek totdat storietyd verby is. Gee dit asseblief so deur aan die grootouers wat soms of gereeld kleuters kom haal.
- 6.3 In belang van 'n deurlopende kleuterprogram moet alle kleuters om 08:00 by die skool wees. 'n Baie belangrike deel van die kleuters se program is Oggendkontak wat van 08:00 tot 08:15 is. Gedurende hierdie tyd word 'n Bybelstorie vertel en Christelike liedjies word gesing. Die weerkaart word ook behandel en die skeppende aktiwiteite van die dag word aan die kleuters verduidelik. Dit is dus vir elke kleuter belangrik om in te skakel by hierdie deel van die program. Indien kleuters hierna arriveer, moet u asseblief die voordeurklokkie lui.

## **7. VAKANSIES:**

- 7.1 Die skool is gesluit gedurende amptelike skoolvakansies. Geen vakansiesorg word aangebied nie.
- 7.2 Op publieke vakansiedae, asook skoolvakansiedae wat deur die Vrystaatse Onderwysdepartement goedgekeur is, is die skool ook gesluit.

## **8. SKOOLFUNKSIES EN VERGADERINGS:**

- 8.1 Die skool tree vir 'n groot gedeelte van die dag aanvullend tot die ouerhuis op. In belang van die kind word dit van die ouers verwag om skoolaktiwiteite te ondersteun en op hierdie manier op hoogte te bly van alle nuwe ontwikkelings.
- 8.2 Tydens oueraande word onder andere ook opvoedkundige aangeleenthede bespreek. Aanbevelings word gedoen oor probleme wat ouers tuis met hulle kleuters mag ondervind.

- 8.3 Op die dag van die afsluitingsfunksie in die vierde kwartaal, is daar geen skool of middagsorg nie. Die funksie vind in die aand plaas.
- 8.4 Op die dag van ons Ouma en Oupadag in Aprilmaand, gaan die kleuters saam met die grootouers huis toe. Daar is dus geen skool na die funksie nie. Daar is ook nie middagsorg op daardie dag nie.
- 8.5 Daar is geen ekstra koste verbonde aan funksies nie.

## **9. PERSONEEL:**

- 9.1 Die onderwyseresse en assistente mag nie gedurende programtye gesteur word nie. Indien u navraag wil doen by die onderwyseresse oor aangeleenthede aangaande u kleuter, moet u asseblief vooraf met die betrokke onderwyseres vir 'n onderhoud reël, of dit na afloop van die dagprogram bespreek. Dit moet telefonies of per epos gebeur.
- 9.2 Telefoniese boodskappe kan gelaat word vir verdere opvolging deur die personeel. Die personeel word nie gedurende programtye van hulle groepe weggeroep nie.
- 9.3 Enige navrae in verband met u kind of ander skoolaangeleenthede moet slegs aan die hoof of betrokke onderwyseresse gedoen word.
- 9.4 Personeel mag nie vir die vervoer van kleuters genader word nie.
- 9.5 Dit is vir die personeel noodsaaklik dat ouers 'n oop kommunikasie met die skool sal hê en ons op hoogte hou van enige sake rakende u kleuter en die skool.

## **10. VERSLAE:**

- 10.1 Vorderingsverslae word halfjaarliks uitgegee – Junie en November.
- 10.2 Die oorspronklike verslae word in November in 'n portefeulje aan u gegee. U ontvang 'n afskrif daarvan in Junie.
- 10.3 Maart en September word persoonlike onderhoude met ouers gereël om die vordering van u kleuter te bespreek.

## **11. BREEKSKADE:**

Ouers word aanspreeklik gehou vir die vervanging van speelgoed of apparaat wat opsetlik deur 'n kleuter gebreek is. Ouers sal hieroor in kennis gestel word.

## **12. DISSIPLINE:**

Definitiewe riglyne word gevolg wanneer 'n kleuter gedissiplineer word. Dissipline word opbouend toegepas en geen kleuter mag verneder word nie. Persoonlike opmerkings mag nie teenoor 'n kleuter gemaak word nie. Kleuters mag nie geslaan word nie.

'n Oortreding word soos volg hanteer:

- Stap 1: Die kleuter word mondelings aangespreek en daar word aan hom/haar verduidelik dat hy/sy oortree.
- Stap 2: Die kleuter word uit die spelsituasie verwyder waar hy/sy oortree het. Hy/sy mag op enige ander plek speel.
- Stap 3: Die kleuter word van alle spel verwyder en moet vir 'n rukkie by die personeellid sit wat hom/haar aangespreek het.
- Stap 4: Indien bogenoemde nie 'n effek op die kleuter se gedrag het nie, word ouers ingeroep en 'n plan van samewerking word bespreek.
- Stap 5: Professionele hulp word ingeroep.

Wanneer 'n kleuter 'n patroon van onaanvaarbare gedrag openbaar en die skool se toepassing van dissipline geen effek op die kleuter het nie, behou die Beheerliggaam die reg om so 'n kleuter te vra om die skool te verlaat.

### **13. Verversings.**

- 13.1 **Kos:** Geen kos word deur die kleuterskool voorsien nie. Kleuters bring kos in 'n kosblik wat met die kleuter se naam gemerk is. Dit word in die kleuter se bêrekassie in die gang gebêre. Kos kan insluit 'n broodjie, yoghurt, 'n vrug, kaas, 'n worsie of 'n vrugtelekker. Soutkoekies of muffins is ook welkom. Geen aartappelskyfies (Chips) lekkers of koekies word toegelaat nie. Kos word nie warm gemaak nie.
- 13.2 **Water:** Kleuters bring water in 'n waterbottel wat met die kleuter se naam gemerk is. Dit word in 'n spesifieke houer buite geplaas. Deur die dag kan kleuters enige tyd water drink. Die waterbottels word elke dag huis toe geneem.

### **14. Medikasie:**

Geen medikasie mag aan leerders by die skool toegedien word nie. Die leerders moet gesond skool toe kom tydens die Covid 19 pandemie.

### **15. Afwesighede.**

- 15.1 Kleuters moet nie sonder rede tuis bly nie. Laat weet die skool indien u beplan om u kleuter tuis te hou.
- 15.2 'n Kleuter wat te siek is om buite te speel, is te siek om skool toe te kom.
- 15.3 Ouers moet die besluit neem of 'n kleuter gesond genoeg is om skool toe te kom. 'n Kleuter wat vroegoggend tuis gebrak het, moet tuisbly totdat die ouers seker is dat hy of sy nie diaree het nie.
- 15.4 Indien 'n kleuter koors het, moet die kleuter nie skool toe kom nie.
- 15.5 'n Siek kleuter kan nie skool toe kom omdat hy of sy nie wil tuis bly nie. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om die besluit te neem.

### **16. ALGEMEEN:**

- 16.1 **Terugstuur van speelgoed:** Wanneer u vind dat 'n opvoedkundige stukkie apparaat of speelding wat aan die skool behoort, tuis beland het, moet u dit asseblief dadelik aan die skool terugstuur. Dit mag net 'n belangrike, onvervangbare deeltjie wees. Dit is nie 'n aanklag teen die kleuter as hy/sy iets terugneem huis toe nie – hulle is nog klein en weet nie dat dit verkeerd is nie.
- 16.2 **Speelgoed:** Geen speelgoed mag skool toe gebring word nie. Dit skep geweldige probleme ten opsigte van speelbeurte asook die bewaring daarvan. Hierdie reël word baie streng toegepas. Die kleuterskoolpersoneel aanvaar geen verantwoordelikheid vir kleuters se eie speelgoed nie.
- 16.3 **Verversings:** Elke kleuter moet daaglik 'n toebroodjie en/of vrug of joghurt saambring skool toe. Geen aartappelskyfies (Chips) lekkers of koekies word toegelaat nie. **MERK ASSEMBLIEF TOEBROODJIEHOERS EN BOTTELTIJES BAIE DUIDELIK.** Ontbyt moet asseblief tuis geëet word. Kleuters wat gebruik maak van middagsorg, bring aparte kos vir die middag, soos verduidelik in die inligtingstuk oor middagsorg.
- 16.4 **Verjaarsdae:** Spesiale eetgoed mag gebring word wanneer 'n kleuter verjaar. Suiglekkers of suigstokkies word nie aanbeveel nie. Reël asseblief vooraf met die onderwysers. 'n Verjaarsdagkring word in die groepie gehou. Ouers of ander

familielede word nie na hierdie verjaarsdagkring genooi nie – dit is ontwrigtend vir die groep en ander kleuters verstaan nie waarom daar nie dieselfde ophef vir hulle verjaarsdae gemaak word nie. Geen partytjies word by die skool gehou nie. Ouers kan wel uitnodigings aan die onderwyseres gee om aan maatjies uit te deel vir 'n partytjie wat tuis gehou word.

- 16.5 **Uitstappies:** Met sommige uitstappies vra ons dat die kleuters piekniekkos en 'n lekkertjie saamneem. Sap, brood, skyfies of lekkergoed moet in 'n weggooibare sakkie, met die kleuter se naam op, saamgestuur word. Koeldrank in 'n toeskroefbotteltjie word ook saamgestuur. U sal voor 'n uitstappie hiervan in kennis gestel word.
- 16.6 **Adreslys:** Verandering van adres of telefoonnommers moet asseblief dadelik by die kantoor aangemeld word.
- 16.7 **Gaste:** Geen gaste (Familie wat kom kuier of maats van u kleuter) mag die skool saam met die kleuter besoek nie.

Hierdie reëls is saamgestel alleenlik in belang van u kleuter en vir die suksesvolle verloop van die kleuterprogram. Ons vertrou dus op u heelhartige samewerking. Die kleuterskool is die wêreld van die kleuter en alles hier word in belang van u kind gedoen.

Ouers is enige tyd welkom om met die hoof of die groeponderwyseres te gesels. Afsprake moet verkieslik vir na 12:00 elke dag gereël word, alhoewel ons u ook op ander tye kan sien.

Mag u kleuter se tyd by ons baie aangenaam wees en mag dit tot verryking van u as ouers dien.

---oooOooo---